

Ehretia alba (voorheen Ehretia rigida)

E: white puzzle bush

A: deurmekaarbos, swartbos

D: Wirrstrauch, Bergbast

H: omusepa



Ehretia alba struik



Ehretia alba vars blommetjies is wit, oueres vuilwit

Elke jaar verheug ek my opnuut in hierdie nietige en gewoonlik onooglike struik, as dit skielik in volle blom staan, waar al die ander struie en bosse nog vaal en dood lyk. So lok dit dan ook talle insekte aan, wat na die winter lus is vir vars nektaar- en blaarkos.



groen bessies en blare

Die blare is lowergroen en glad en word baie graag gevreet deur diere, grotes (wild en vee) en kleintjies soos ruspes, sprinkane en kewers, tot amper niks meer oor is. Blykbaar weet die volwasse goggatjies wat goed is vir hulle kleintjies, want ek sien dikwels insekeiertjies wat op *Ehretia alba* se takke vasgeplak is.

Na die blommeprag ontwikkel talle groen bessies, wat by **party struik**, (nie almal nie) swart verkleur as dit uitgegroeï is, en dan, soos die bessie ryp word, verkleur dit na oranje. Die rede daarvoor ken ek nie. By die meeste struie verkleur die bessies direk van groen na oranje. 'n Duidelike kenmerk vir die identifikasie van hierdie plant is die klein haaragtige swart "stertjie" onder aan die vrug. Binne-in is vier steentjies of pitjies.

Die bessies smaak soeterig, heel skaflik en word graag deur voëltjies genuttig. Ook menslike veldbewoners eet dit.



Die bessies van party struik lyk tussen die groen en oranje stadium swart.



ryp bessies lyk oranjekeurig

Ander gebruike van die plant:


- Takke word in Noordnamibia vir die bou van beddens en fuike (visvangmandjies, Fischreusen) gebruik, die hout is taai.
- Sekere plantdele word by die Boesmans as "lucky charm" of geluksbringertjies vir jagtogte gebruik; ek kon nie uitvind watter dele en hoe dit gebruik word nie.
- 'n Wondpoeier van die wortel word by die Ovaherero in fyn snytjies in die vel ingevrywe teen pyn, maar ook op skiet- en brandwonde gestrooi.
- Een of ander geneesmiddel van wortel word aan galsiek bees ingegee by die Ovaherero.
- Die Damaravrouens darenteen neem 'n worteltee in by te sterk menstruele bloeding.

Aangesien hierdie struik in die hele Namibia voorkom en ook nie skaars is nie, kan 'n mens beweer, dat dit 'n **nuttige** plant is wat vryelik deur mens en dier gebruik word; (wat is die werklike nut van 'n seldsame en skaars plant?!).

Die wetenskaplikes het *Ehretia alba* 'n deel van *Ehretia rigida* gemaak.

Die plant kan met *Cordia sinens* verwar word, hulle lyk nogal na mekaar, maar *Ehretia alba* se blare is glad en heldergroen, waar *Cordia sinens* s'n dof lyk a.g.v. die hare op die blaaroppervlak. *Cordia s.* kom ook meer na die westekant van Namibia voor.

So sien ek ook, dat die Ovaherero-benaming vir al twee hierdie spesies dieselfde is / kan wees, daar heers onsekerheid daaroor.



sulke reguit takke kan dan vir beddens en / of fuike gebruik word

Inligtingsbronne:

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Le Roux and Mueller's Field Guide to the Trees and Shrubs of Namibia (revised and expanded by Coleen

Mannheimer and Barbara Curtis)

Algemene benaming en enkele gebruike van die meer bekende inheemse plante van Suidwes-Afrika (PJ le Roux)

Teks en fotos : Anka Eichhoff